verteer word, vertering van komplekse stysels (bv. Mielies) plaasvind, proteïene vanaf nie-proteïen stikstof (bv. Ureum) vervaardig word en ook die plek waar die B vitamienes asook vitamien K, vervaardig word.

Van die gasse wat deur die fermenteringsproses gevorm word sluit in metaangas, koolsuurgas en waterstofsulfied.



Figuur 3 Binnekant van die grootpens

**Omasum:** Die omasum het ‘n sferiese vorm en is met ‘n kort tonnel aan die retikulum verbind. Die wande bestaan uit blaarragtige weefsel en hierdie deel van die maag word dan algemeen genoem die blaarpens. Die blaarragtige weefsel vergroot die absorpsie area van die omasum. Die omasum van ‘n skaap het ‘n volume van tussen 1.9 en 3.8 liter, terwyl beeste ‘n goed ontwikkelde groot omasum het wat ‘n volume van ongeveer 56.8 liter beslaan. Die absorpsie van water en ander voedingstowwe vind in die omasum plaas. As gevolg van die absorpsie van water sal voermateriaal tussen die voue van die blaarragtige weefsel droeër wees as dit wat in die ander dele gevind word.



Figuur 4 Binnekant van die blaarpens

**Abomasum:** Die abomasums of melkpens, is die “ware maag” van die herkouer en is die deel van die maag wat die naaste is aan die maag van ‘n enkelmaagdier. Die



# Hoekom? NamTags

✓ Bekostigbaar

✓ Geen nek op plaatjies nie

✓ Buigbare materiaal

✓ Het geen metaalpunt nie

✓ Bestand teen UV - strale

✓ Meer stabiel



GROOT (M1+F4)  
In verpakking  
van 10



MEDIUM (M1+F3)  
In verpakking  
van 10



Klein (M1+F2)  
In verpakking  
van 10



SKAAP  
In verpakking  
van 25



Kan met bekende  
oorplaatjie-aanwenders  
gebruik word.  
Al wat nodig is, is 'n  
Namtag-staalpennetjie

Word reeds jare in Namibië gebruik • Verpak deur gestremdes

Beskikbaar in sewe kleure:



Tel: +27-11-7047218 • Faks: +27-11-7047203 • E-pos: fritz@swavet.co.za

**SWA VET**  
(EDMS.) BPK. (PTY) LTD.

abomasums het 'n volume van 7.5 tot 11.4 liter by skape en 26.5 liter by beeste. Die abomasum produseer soutsuur net soos die maag van enkelmaag diere en het 'n pH van tussen 3.5 en 4.0. Die hoof selle in die abomasums skei mukus (slym) af om die wand van die abomasum te beskerm sodat die soutsuur dit nie beskadig nie.

Die abomasums produseer verder ook verteringsensieme soos pepsien (hulle breek proteïene af) en ontvang ook verteringsensieme vanaf die pankreas soos pankreatiese lipase wat vet afbreek.

Die voorafgaande gedeeltes het die verskillende dele van die herkouer maag asook hulle funksies kortlik beskryf. Die dele wat volg beskryf die beweging, vermenging en vertering van voer wat in die rumen plaasvind.



Figuur 5 Binnekant van die melkpens

## Beweging van die rumen

Reeds vroeg in 'n dier se lewe begin die rumen volgens 'n ordelike patroon saamtrek en sal aanhou om saam te trek vir die res van die dier se lewe tensy iets gebeur wat die sametrekkings tydelik ontwrig of laat staak. Hierdie sametrekkings van die rumen is verantwoordelik vir die vermenging van ingeneem voer met water en mikro-organismes, die uitlaat van gasse en die beweging van water en verteerde voer na die omasum. Indien rumensametrekking vir 'n lank genoeg tydperk onderdruk word, kan rumen kompaksie voorkom.

'n Reeks van sametrekkings kom 1 tot 3 keer per minuut voor. Die meeste sametrekkings kom voor terwyl die dier vreet, terwyl minder sametrekkings voorkom wanneer die dier rus. Die volgende 2 tipes sametrekkings kan waargeneem word.

- Primêre sametrekkings begin in die retikulum en beweeg dan ondertoe rondom die rumen. Hierdie proses sluit in 'n golf van sametrekkings, gevvolg deur 'n golf van ontspanning, sodat wanneer dele van die rumen saamtrek, ander dele ontpant.
- Sekondêre sametrekkings kom voor in slegs dele van die rumen en word gewoonlik geassosieer met die opbring van windes.

Toestande binne die rumen kan die beweeglikheid van die rumen aansienlik beïnvloed. As die rumen byvoorbeeld baie suur raak soos wanneer 'n groot hoeveelheid graan


gevoer word en suerpens ontwikkel, kan die sametrekkings van die rumen heeltemal tot stilstand kom.

Die tipe dieet wat die dier gevoer word beïnvloed ook die sametrekkings van die rumen. So sal diere op 'n hoë vesel rantsoen (meestal ruvoer soos gras of hooi) baie meer sametrekkings van die rumen per minuut hê as diere op 'n hoë konsentraat (bv. baie mielies) rantsoen.

## Vermenging van voer in die rumen

Voer, water en speeksel kom die retikulo-rumen (rumen en retikulum) binne deur die esofagus of slukderm. Swaarder voorwerpe soos graan en enige vreemde voorwerp soos spykers, draad ens., gaan eers na die retikulum vanwaar dit deur die sametrekkings van die maag na die rumen beweeg, terwyl die liger materiaal soos gras en hooi direk na die rumen gaan. Nadat die voer ingeneem is, kry ons nie maar net 'n deurmekaar mengsel van voer wat net die rumen binnekom en weer verlaat nie – nee, daar vind aansienlike vermengings, afbraak en beweging van voer plaas in die rumen. Die materiaal in die rumen is in 3 duidelike lae verdeel soos gesien kan word in figuur 6.

Die heel boonste laag is gevul met gas wat deur die mikro-organismes in die ander 2 lae geproduseer word. Gasse in hierdie laag sluit onder andere in metaangas en koolstofdioksied. 'n Volwasse bees kan tussen 30 en 50 liter gas per uur produseer terwyl volwasse skape ongeveer 5 liter gas per uur produseer. Hierdie gasse ontsnap vanuit die rumen deur windes wat die dier opbring. Windes word opgebring saam met omtrent elke sekondêre sametrekking van die rumen. Tydens die proses wat windes opgebring word, beweeg die gas teen 'n spoed van 160 tot 225 cm per sekonde in die slukderm in op en interessant genoeg word 'n groot deel van die gas eers in die longe ingeasem, voordat dit na buite uitgeasem word.



Figuur 6 Verskillende lae in die rumen

Enige iets wat met die opbring van windes inmeng kan lewensgevaarlik vir die dier wees. As die gas nie uit die rumen kan ontsnap nie, blaas die dier op en die vergrote rumen druk teen die longe en die dier kan versmoor.

Die tweede of middelste laag bestaan uit liger voer wat onlangs ingeneem is. Hierdie voer is nog nie deurdrenk met water nie en dryf nog bo-op die laaste vloeistoflaag. Hierdie laag bevat nog baie onverteerde materiaal en afbraak van materiaal deur die mikro-organismes vind vinnig plaas wat aansienlike hoeveelheid gasse produseer. Die gas word vasgevang in hierdie laag en help dat die laag bo-op die laaste laag dryf. Soos wat vertering vorder en die materiaal in kleiner en kleiner deeltjies afgebreek

word, raak die verteerbare materiaal al hoe minder en minder gas word geproduseer. Die laag raak dus al hoe swaarder en die kleiner deeltjies kan begin deurval na die laaste vloeistof laag toe of dit kan deur die sametrekking van die rumen saam met van die mikro-organismes na die retikulum beweeg word.

Die derde en laaste laag bestaan dan uit die half verteerde deeltjies wat vanaf die vorige laag af deurgeval het, asook grane en swaarder voer en hooi wat al deurweek is met vog – dus die vorige dag se ingenome voer. In hierdie laag word die vertering van die materiaal, hoewel teen 'n stadiger tempo voortgesit. Sodra die voermateriaal klein en lig genoeg is, sal dit tydens die sametrekking van die rumen ook na die retikulum beweeg word.

Wanneer voermateriaal die retikulum bereik gebeur een van twee dinge. Die groter, minder digte dele word tydens die sametrekking van die maag deur die slukderm terug na die bek gevoer waar die dier dit herkou (voer kan 40 – 60 keer herkou word), voordat dit weer die rumen binnegaan en die hele verteringsproses weer deurmaak. Indien die deeltjies egter klein en dig genoeg is, beweeg dit saam met die sametrekings van die maag na die volgende deel, naamlik die omasum. Die voorafgaande het bespreek hoe die maag van die herkouer lyk, hoe elke deel funksioneer en hoe voermateriaal die rumen binnekom en verlaat. Wat presies gebeur egter sodra die voer eers binne die rumen is? Die volgende gedeelte gaan poog om hierdie vrae te beantwoord.

## Vertering in die rumen

### Koolhidraat Vertering

Wanneer voermateriaal, hetsy konsentrate, gras of hooi eers binne die rumen is, word dit blootgestel aan 'n unieke populasie van rumen mikro-organismes of sommer kortweg rumen mikrobe. Hierdie mikrobe begin dadelik met die fermentering en vertering van plant selwand komponente en breek dit af na koolhidrate en suikers toe. Die mikrobe gebruik die koolhidrate saam met ammoniak en aminosure om te groei en te vermeerder.

Die suikers word deur die mikrobe gefermenteer om vlugtige vetsure (VVS), metaangas, waterstofsulfied en koolstofdioksied te vorm. Die belangrikste VVS wat geproduseer word, is asynsuur, propionsuur en bottersuur. Die vlugtige vetsure word deur die rumenwand in die bloedstroom geabsorbeer waar dit na liggaamsweefsel, die lewer en ook die uier toe vervoer word waar dit dien as bron van energie vir onderhoud, groei, reproduksie en melkproduksie. Koeie verkry tussen 50 en 70% van hulle energie vanaf die vlugtige vetsure wat in die rumen geproduseer word.

Die tipe dieet wat die dier gevoer word sal bepaal watter vlugtige vetsuur die meeste geproduseer word. Wanneer diere oorwegend hooi en gras gevoer word, is 60 tot 70% van die totale VVS produksie asynsuur, terwyl propionsuur 15 tot 20% van die totale VVS produksie is en bottersuur 5 tot 15% is. Wanneer diere oorwegend ruvoer vreet, vind baie herkouing van die gras plaas en groot hoeveelhede speeksel met buffers in, word afgeskei. Suurproduksie in die rumen is ook laag en dit maak die rumen omgewing redelik stabiel met 'n konstante pH van ongeveer 6.5.

Wanneer diere meer graan (hoë konsentraat diëte) gevoer word, is die vertering dieselfde as die van ruvoer, maar met 'n paar uitsonderings. Op 'n hoë konsentraat dieet, vind minder herkouing plaas en minder speeksel met buffers in word dus afgeskei. Saam met minder buffers wat die rumen bereik, het die meeste grane hoë konsentrasies maklik fertereerbare koolhidrate en nie strukturele koolhidrate soos die geväl by plantselwande nie. Hierdie maklik fertereerbare koolhidrate word dus vinnig verter en dit lei tot 'n verhoging in die produksie van vlugtige vetsure.

Behalwe dat meer vlugtige vetsure geproduseer word, verander die verhouding van VVS wat geproduseer word ook. Die asynsuur produksie verlaag na ongeveer 40% toe, terwyl die propionsuur produksie verhoog word na ongeveer 40% toe. (Wanneer melkkoeie se konsentraat inname verhoog word en meer propionsuur geproduseer word, kry ons dat die melkvet verlaag). Minder metaan en hitte word ook geproduseer wanneer hoë konsentraat diëte gevoer word. Die verhoging in VVS produksie asook die minder speeksel wat die rumen bereik, veroorsaak dat die rumen omgewing meer suur raak (die pH verlaag na ongeveer 5.5 toe). Wanneer die rumen pH daal, veroorsaak dit ook 'n verandering in die rumen mikrobe populasie. Die hoeveelheid selluliese bakterieë wat cellulose verter verlaag en die styselverteerders verhoog. Dit kan potensieel lei tot 'n verlaging in ruvoer vertering.


Tydens die vertering van stysel word nog 'n suur, naamlik melksuur, as byproduk geproduseer. Melksuur is 'n sterk suur en saam met die verhoogde produksie van VVS kan dit die herkouer se vermoë om die rumen te buffer en die suur te absorbeer, oorskadu en lei tot metabolise asidose. Asidose kan die dier ernstig siek maak en selfs laat doodgaan. Die suur omgewing in die rumen kan lei tot weefsel beskadiging en die vorming van letsels op die rumenwand omdat dit die rumen papillae wegvrete.

'n Rumen wat so beskadig is deur suur lei daar toe dat minder voedingstowwe deur die rumenwand geabsorbeer kan word en diere wat van erge asidose herstel het se leeftyd produksie kan permanent verlaag word. Maak dus seker dat voldoende ruvoer saam met grane gevoer word en dat diere geleidelik aangepas word op hoë graan diëte.

### Proteïen vertering

Twee bronse van proteïene is beskikbaar vir die dier se gebruik, naamlik proteïene vanaf die voer asook mikrobe proteïene vanaf die mikro-organismes wat in die rumen leef. 'n Herkouer is uniek in die sin dat dit 'n simbiotiese verhouding (voordelige verhouding vir al die betrokke partye) met die mikrobe het. Net soos enige ander lewend organisme, het die mikrobe ook 'n behoefte aan energie en proteïene vir groei en reproduksie. Gedurende die sametrekking van die rumen word van die mikrobe saam met verteerde voerdeeltjies "uitgewas" uit die rumen uit en na die abomasum vervoer. In die abomasum word die proteïene soos enige ander proteïene by enkelmaagdiere verter en skep dit 'n bron van dierlike proteïene vir die herkouer.

Alle proteïene wat die dier inneem, kan in 2 dele gedeel word, naamlik rumen degraderbare proteïene (RDP) en



## PRODUKSIEVEILING

5 Junie 2012

Plaas Avoca,

Reitz

Vir veilings katalogus

en foto's besoek:

[www.raueeasy.com](http://www.raueeasy.com)



sedert 1983



Albie Rautenbach

Sel: 082 959 5759 • [raueeasy@telkomsa.net](mailto:raueeasy@telkomsa.net) • [www.raueeasy.com](http://www.raueeasy.com)

nie degradeerbare proteïene (NDP). Nie degradeerbare proteïene staan ook bekend as deurvloeiproteïene omdat dit nie in die rumen afgebreek word nie, maar onveranderd deur die rumen na die abomasum toe beweeg waar dit afgebreek word.

Elke grondstof (bv. katoensaad oliekoek, grasse, mielies ens.) wat aan diere gevoer word, het 'n ru-proteïen inhoud wat bestaan uit verskillende verhoudings van RDP en NDP. So byvoorbeeld sal 'n produk soos ureum 278% ru-proteïene bevat, wat 100% degradeerbare proteïene is, terwyl katoensaad oliekoek ongeveer 38% ru-proteïene bevat waarvan 30-43% NDP is en 57 tot 70 % degradeerbare proteïene is.

Wanneer proteïene die rumen binnekom, breek die mikrobe die RDP fraksie af na ammoniak, aminosure en peptiede. Sowat 40 tot 75% van die natuurlike proteïene in voer word afgebreek. Die hoeveelheid wat afgebreek word hang af van faktore soos oplosbaarheid van die proteïene, mate van weerstand teen afbraak (hier dink ons aan produkte soos bv. soja oliekoek wat behandel is sodat dit nie afgebreek kan word nie) en die tempo waarteen die voer deur die rumen beweeg.

Die ammoniak, aminosure en peptiede, saam met energie vanaf styselvertering word dan deur die mikrobes gebruik om hulle eie liggaamsproteïene te vorm sodat hulle kan groei en reproduuseer. Onthou dat hoe beter die rumen mikrobe kan groei en reproduuseer, hoe meer mikrobe is daar wat die voer wat die rumen binnekom, kan verteer. Gedurende die winter, wanneer gras droog is en laag is in proteïene, ondervind die mikrobes 'n proteïen tekort in die rumen, aangesien die gras hulle bron van proteïene is. In die winter is daar dus minder mikrobe om die gras te verteer wat die herkouer inneem en die dier verloor massa omdat hulle nie voldoende voedingstowwe vanaf die rumen verkry nie. Om hierdie probleem te voorkom gee ons 'n winterlek wat veral degradeerbare proteïene soos ureum bevat om die mikrobe van voldoende proteïene te voorsien sodat hulle kan groei en vermeerder en die gras optimaal kan verteer.

Die oormaat ammoniak wat tydens die vertering van proteïene geproduseer word en wat nie deur die mikrobe benut word nie, word deur die rumenwand geabsorbeer en na die lewer vervoer waar dit omgeskakel word na ureum. Hierdie ureum kan een van 2 roetes volg. Dit kan via die bloed na die speeksel vervoer word waar dit weer na die rumen beweeg of dit kan deur die uriene uitgeskei word.

Ureumvergiftiging kan voorkom wanneer te veel ureum aan herkouers gevoer word. Die ingenoome ureum word dadelik deur die mikrobes afgebreek na ammoniak toe. Wanneer daar egter meer ammoniak as energie is, kan die mikrobe nie vinnig genoeg die ammoniak omskakel na mikrobe proteïene nie.

Die oormaat ammoniak word dan deur die rumenwand geabsorbeer en vergiftiging vind plaas wanneer die hoeveelheid ammoniak in die bloed die kapasiteit van die lewer om die ammoniak om te skakel na onskadelike ureum, oorskry. Die oormaat ammoniak in die bloed kan lei tot die dood van die dier.

Wanneer ureum dus, veral in winterlekke, gegee word, is dit belangrik dat die diere aangepas word by die ureum en dat nie te veel ureum gegee word nie. Gee ook 'n maklik beskikbare energiebron soos melasse, Melasseemeel of Kalori, saam met die ureum sodat die mikrobes genoeg energie het om die ammoniak te kan benut vir groei en reproduksie.

Die nie-degradeerbare proteïene word nie in die rumen verteer nie, maar vloei deur die rumen na die omasum en dan abomasum waar dit soos in enige enkelmaagdier se maag verteer word. Hoewel ureum 'n goedkoop bron van proteïene is en die herkouer in staat stel om andersins nutteloze gras as energiebron te benut, verg dit energie om die ureum om te skakel na mikrobe proteïene. Verder is die degradering van voerproteïene ook baie meer as wat die behoeftes van die mikrobes is. Aangesien proteïene goed benut kan word laer af in die spysverteringskanaal, kan dit 'n nadeel wees as die proteïene alles in die rumen afgebreek word na ammoniak, aangesien die oormaat ammoniak deur die rumenwand geabsorbeer word en deur die bloed na die lewer vervoer word waar dit soeds reeds genoem na ureum omgeskakel word. Baie van hierdie ureum word dan deur die uriene uitgeskei en beteken sodoende 'n verlies aan proteïene vir die dier. Wanneer ons dus lekke en voere vir veral produksiedoeleindes gee, is dit meer voordeelig om groter hoeveelhede deurvloeiproteïene te gee wat direk deur die herkouer benut kan word vir produksie doeleindes as wanneer die eers deur die mikrobe vanaf ureum vervaardig moet word of verlore gaan in die uriene.

## Vitamien sintese

Die mikrobe in die rumen is in staat daartoe om al die B vitamiene asook vitamien K te sintetiseer. Vitamien sintese in die rumen is voldoende om in die dier se behoeftes vir onderhou en groei te voorsien. Onder normale omstandighede het herkouers nie addisionele vitamiene B of K nodig nie, maar dit kan nodig wees om onder toestande van stress Niasien (Vit B3) en Tiamien (Vit B1), aan te vul.

## Opsomming

Die herkouer maag is 'n unieke orgaan wat die dier in staat stel om andersins nutteloze voerbronne soos gras om te skakel in benutbare energie. Wanneer ons konsentreer en lekke aan herkouers voer moet ons onthou dat die rumen omgewing 'n lewende populasie organismes huisves en dat ons hierdie omgewing gesond moet hou vir die optimaler vertering van voermateriaal.



# ‘n Gids vir nuwe telers ten opsigte van bulseleksie

## Hoe om die regte bul te kies vir jou kommersiële kudde.

□ Deur William Biggs & Dave Mullins  
Great Karoo Tulis

Die Belangrikheid van die bul in ‘n kudde:

‘n Bul dra 50% by tot die genetiese potensiaal van jou kudde. Gewoonlik dek ‘n bul 30 tot 40 koeie in ‘n dekseisoen – daarom is dit van uiterste belang dat jy die regte bul vir jou kudde kies.

### Belangrike punte om in gedagte te hou:

#### 1. Voorkoms

Welbekende beeskonsultant, Erwin Church sê altyd: “Jy moet hou van die bul wat jy koop”.

Jy moet tevrede wees met die bul wat jy aankoop. Jy weet watter tipe beeste jy wil teel, met betrekking tot voorkoms, maar wat steeds effektief vleis produseer. Jy moet van die bul hou, want jy gaan vir ‘n lang tyd van sy nageslag hê.



Erwin Church punt ‘n jong bul

#### 2. Geregistreerde teler

Koop jou Tuli bul by ‘n geregistreerde teler. Hulle bulle is deur ‘n streng seleksie proses om te verseker dat ras standaarde gehandhaaf word. Daarbenewens sal geregistreerde telers hul diere waarborg. Om ‘n ongeregistreerde Tuli-tipe bul te koop mag dalk aanvanklik goedkoper wees, maar op die lange duur sal dit jou duur te staan kom wanneer hul rasegttheid bevraagteken word. Met ander woorde die bul mag soos ‘n Tuli bul lyk, maar sal nie altyd teel soos ‘n Tuli nie. Bulle wat onder die vaandel van die genootskap verkoop word, is deur twee geregistreerde inspekteurs gekeur en sal deur ‘n veearts vrugbaar gesertifiseer wees. Daarbenewens sou hierdie bul deur twee ander inspekteurs nagegaan word net voor die betrokke veiling.

# UIT DIE STAL-VAN

## weekblad **Landbou**

BOER VOORUIT.

SOOS  
GESIEN OP  
**EXPRESSO**  
OP SABC3

Vra die veearts  
Die A tot Z van honde & katte




PLUS DVD  
van  
hondes- en  
kattearts


**VRA DIE VEEARTS**  
DIE A TOT Z VAN  
HONDE EN KATTE  
R240.00

**OMGEWINGS-  
PRAATJIES**  
R300.00

Landbou  
PROF. KOBUS VAN DER WALT SE  
Omgewingspraatjies



JACQUES CLAASSEN



**GUIDE TO GROWING  
VEGETABLES**  
R95.00

DISEASES &  
PARASITES  
of sheep and goats  
in South Africa



**DISEASES & PARASITES  
OF SHEEP AND GOATS IN  
SOUTH AFRICA**  
R350.00

SIEKTES &  
PARASIETE  
by skape en bokke  
in Suid-Afrika



**SIEKTES & PARASIETE  
BY SKAPE EN BOKKE IN  
SUID-AFRIKA**  
R350.00

Ask  
THE EXPERTS




VETS' ADVICE TO FARMERS  
BY ERIC COETZEE • PROFESSOR ERNST KAHN  
DR MARILYN LEES MINTON • DR RICK STEPHENS

FARMING SA

**ASK THE EXPERTS**  
R175.00




**VRA DIE VEEARTS  
WAT BEESBOERE  
MOET WEET**  
R250.00



**ASK THE VET  
WHAT CATTLE FARMERS  
SHOULD KNOW**  
R250.00



**VARS UIT DIE OOND**  
R195.00



**GUIDE  
to Poultry  
Production**  
R75.00

Kontak Johan Terblanche of Marlene Botha by Tel no. **021 406 4962/3481** of  
per e-pos by **lbw@media24.com** vir verdere inligting en bestellings.  
Slegs beskikbaar in Suid-Afrika.

### **3. Temperament**

Kies 'n bul met goeie temperament. Om met jou diere te werk moet 'n plesier wees, nie 'n uitdaging nie. Temperament is 'n hoogs oorverlike eienskap.



*Rustige bees met 'n nuuskierige geaardheid*

### **4. Reproduktiewe organe**

Die bul se reproduktiewe organe moet goed ontwikkel wees.

Hy moet teelballe hê wat ewe groot is en goed aangeheg is, met 'n kort, netjiese skede.



## 5. Raamgrootte

Meeste vleisrasse, veral Europese en Britse rasse, is grootraam diere en daarom nie geskik vir baie dele van Suid-Afrika nie. Waar daar 'n behoefte is om koeie se raamgrootte kleiner te maak en om teeldoeltreffendheid te verhoog, kies bulle wat gemiddelde indekse (95-105) het vir raamgrootte.

## 6. Produksie beleid/ Teeldoelwitte

Jou Teeldoelwitte sal bepaal watter tipe bul jy benodig:

- i) Teel jy speenkalwers?
- ii) Laat jy jou speenkalwers uitgroei en rond hul dan self af op die veld?
- iii) Teel jy volwasse osse?

### Keuses:

- i) As jy speenkalwers teel, kies 'n bul met lae geboortegewig of ten minste laer as 35kg by geboorte, aangesien dit bydra tot kalwingsgemak. Kies ook 'n bul met 'n hoë speenindeks(110+) aangesien dit 'n aanduiding is dat sy moeder baie melk gehad het en dat hy waarskynlik hierdie eienskap sal oordra aan sy dogters wat dan weer op hul beurt swaarder kalwers sal speen.
- ii) As jy jou speenkalwers terughou en self afrond op die veld, kies 'n bul met hoë 12maande, 18maande en Fase D indekse. Hierdie indekse is 'n aanduiding dat hy wel aangepas is op natuurlike weiding na speen en dit sal hy oordra aan sy nageslag. Kies 'n vroegryp tipe bul, met ander woorde wat goeie bespiering wys op tweejarige ouderdom.
- iii) As jy volwasse osse teel, met ander woorde wat jy eers verkoop na 3 jaar, kan jy selekteer vir 'n groterraam bul wat stadiger volwassenheid bereik, maar met goeie naspeense groei. In soetveldgebiede kan u vir nog groterraam bulle selekteer.

Die Tuli is 'n Afrika *Bos taurus* ras. Dus bied die ras die kommersiële teler die wydste genetiese diversiteit moontlik vir kruisteeldoelindes, deur goeie heterose (basterkrag) met beide *Bos taurus* en *Bos indicus*.

## 7. Melk

As 'n reël selekteer vir bulle wie se direkte maternale teelwaardes (soos aangedui in die veilingskatalogus) positief is. Dit is 'n aanduiding van melkproduksie.



Tuli koeie is bekend vir hul klein uiers met goeie aanhegting en ryk melk

## **8. Bene**

Bene moet reguit en sterk wees met 'n baie effense sekelhaak in die agterbene. Goeie, sterk agterbene is van kritiese belang vir die bul om koeie suksesvol te kan dek. Verseker dat sy kote regop en sterk is en dat hy goeie hoefdiepte het. Dit sal verseker dat hy op die voorpunte van sy hoeve loop en dat hul eweredig slyt. Té reguit agterbene kantel die koei se pelvis vorentoe en verhoog die moontlikheid van kalwingsprobleme.

## **9. Balans**

Kies 'n bul met goede balans; sy voor-, middel- en agterkwart moet in verhouding tot mekaar wees. Die bul moet 'n goede beenstruktuur hê, maar nie té grof nie.

Bulle met 'n fyner beenstruktuur is geneig om meer gehard te wees en beter te stap en te klim. Hulle is ook meer geneig om 'n kleiner raam te hê met 'n hoër vleis tot been verhouding.



*Twee gebalanseerde bulle met fyn beenstruktuur*

## **10. Vel**

Die bul moet 'n gladde, blink haarkleed hê met 'n los vel. 'n Gladde haarkleed neig daartoe om minder parasiete te dra. Die vel is 'n verkoelingstelsel wat baie belangrik is in Suid-Afrika se warm somers. 'n Los vel verseker 'n groter oppervlak as 'n stywe vel en is daarom meer effektiel om diere af te koel. Die keelvel speel hierin 'n baie belangrike rol.

## **11. Die poenskopfaktor**

Die poenskopgeen is dominant, dus indien jy 'n horing ras het, kies 'n poenskopbul. Indien jy poenskopkoeie het kan jy 'n horingbul koop aangesien die grootste gedeelte van sy kalwers poenskop sal wees alhoewel hulle dan 'n horingfaktor dra. As jy nie omgee om te onthoring nie, kan jy die bul van jou keuse koop, ongeag sy horing status.

# HBH TULI STUD

Denwood – PO Box 145 – Dordrecht – 5435 Visit our website at: [www.hbhtuli.co.za](http://www.hbhtuli.co.za)  
Edward and Kim Clark: 045 943 3066 – 082 573 0223 Email: [edc@hbhtuli.co.za](mailto:edc@hbhtuli.co.za)  
Russell and Ellen Clark: 045 943 3011 – 082 925 5860 Email: [rtclark@adept.co.za](mailto:rtclark@adept.co.za)



HBH 09-156

**O**ns streeve is om sorgvrye medium-raam beeste te teel wat aangepas is by hul ongewing. Om hierdie rede word insette beperk tot die minimum. Streng seleksie vir reproduksie waar alle oop diere geprul word na 'n kort teelseisoen verseker ook dat ons diere se grootte optimaal is vir die moeilike omgewing waarin ons boer. Ons kudde was die afgelope 7 jaar 'n streeksfinalis in die LNR/ABSA Kudde van die Jaar Toekennings met 'n gemiddelde TKP van 374 dae vir alle koeie in die kudde oor alle kalwings.

